19 JULIE 2020

Gr R tot Gr 3

nous
praktiese wysheid...

God is jou **Pappa**.

Romeine 8:12-25

voorbereiding

Neem saam:

- Prente van troeteldiere
- 'n Kersfees kaartjie van een gesin aan 'n ander.
- Afskrifte van sinne vir skakels van die ketting
- Skêre en gom
- Inkleurkryte

bid **tyd**

OPENINGSGEBED:
vra vir een van die kinders om te open met gebed.

gesels **tyd**

Wie van julle het troeteldiere by die huis? Watter soort troeteldiere kry mens alles? Hoe sorg jy vir die troeteldiere? Wat is jou taak om die diere te versorg? *Gee aan die kinders die geleentheid om te vertel oor hulle troeteldiere*

Troeteldiere kan nie vir hulleself sorg nie. Hulle het jou nodig om vir hulle elke dag vars water en kos te gee. Baie troeteldiere is in 'n hok soos 'n voëltjie of 'n marmot, en kan nie uitkom om vir hom of haar self te versorg nie. *Wys prente van verskillende troeteldiere.*

Wanneer ons 'n troeteldier kry, kan ons ook nie net aan hom aandag gee terwyl hulle klein en oulik is nie. Troeteldiere het baie liefde en aandag nodig en ons moet vir hulle versorg. Omdat troeteldiere nie kan praat nie, kyk ons na hulle gedrag om te sien of hulle gelukkig is of nie. Wanneer ons na 'n hele dag by die skool, weer terug kom by die huis, dan swaai ons hondjie se stertjie om te wys hoe opgewonde hy is dat ons weer by die huis is.

Wie van julle weet wat 'n "shelter" vir diere is? Dit is 'n plek waar diere wat geen plek gehad het om te bly nie, versorg word, tot iemand hulle aanneem. Wanneer mense kom en die hond of kat of troeteldier aanneem, dan belowe hulle om na daardie troeteldier te kyk en hom mooi te versorg en op te pas en 'n huis te gee. Hulle belowe om vir die dier lief te wees en hom mooi te versorg.

gesels **tyd** (vervolg)

As ek dus 'n troeteldier kry, moet ek hom of haar baie mooi oppas, want ek is nou daardie troeteldier se mamma of pappa. Hulle is afhanklik van my. Net soos jou mamma of pappa na jou kyk, so mooi moet jy ook na jou diere omsien.

Het dit al oor kersfees gebeur dat die bure of iemand vir julle gesin 'n geskenk gee, soos 'n boks sjokolade. Op die kaartjie staan net julle van, byvoorbeeld: Aan die Steenkamps met liefde van die Conradies. *Hou 'n voorbeeld van so 'n kaartjie aan die kinders voor.*
Daardie boks sjokolade is vir almal in die gesin, nie net vir mamma of pappa of vir jou boetjie of sussie nie. Almal wat onder die Steenkamp familie val, kan deel in die geskenk. As familie doen ons nie mekaar in nie, ons sorg eerder mooi vir mekaar.

sing **tyd**

Hierdie liedere is slegs voorstelle.
Sing gerus iets wat meer bekend is.

Lied: My Pa is die Koning van die Heelal
My Pa is die Koning van die Heelal jy weet
Kom wat wil, ek sal dit nooit vergeet nie
Die wind kan maar waai en die berge kan val
Hy't gesê Hy voorsien en Hy sal
Ek is die Koning se kind, ja
Dit maak my 'n Prins
My lewe is Christus, selfs die dood is 'n wins
Vir niks is ek bang nie, dit sê ek jou nou
My pa is die Koning onthou!

Lied: Ek's so bly ek behoort aan Jesus
Ek's so bly ek behoort aan Jesus (x3)
Halleluja prys die Heer

Prys die Heer, Amen, amen (x6)
Halleluja, prys die Heer

BYBEL tyd

Jesus het aarde toe gekom, omdat Hy vir ons lief is. God het geweet dat die sonde maak dat ons nie in die hemel sou kon kom nie. Ons kan nie onsself red nie. In die hemel gaan daar ook nie meer sonde wees nie.

Sonde maak dat mense nie doen wat God van ons vra nie. Ons sondige natuur, met ander woorde, dit wat ons is en hoe ons optree wanneer ons nog nie gehoor het van God se liefde nie, maak dat ons nie lief is vir ander mense nie. Ons maak mense seer. Ons is lelik met ander mense. En dit maak dat ons ver van God af lewe. Maar wanneer ons besef hoe lief God ons het, en ons sê jammer vir God dat ons so lewe en ons vra Hom om ons te help om Sy liefde te lewe, dan gee Hy vir ons die Heilige Gees om ons te help om reg te lewe. Wanneer ons die Heilige Gees kry, raak ons kinders van God. Ons raak deel van God se familie. Dis amper soos om God se van te kry. Hy is nou ons Pappa. Hy het ons aangeneem.

Het julle pappa al vir julle gesê wanneer julle iets verkeerd doen, "Ons Conradies maak nie so nie". Dit beteken dat dit wat jy nou gedoen het, is nie hoe ons familie wil lewe nie. En dan moet ons jammer sê. Dieselfde met God. Wanneer ons deel word van Sy familie, dan kan ons nie meer lewe soos kinders wat nie lief is vir mekaar nie. Ons moet lewe soos God van ons vra. Die Heilige Gees help ons om te weet hoe God wil hê ons moet lewe.

God maak ons deel van Sy familie. En weet julle wat? Kinders van God het deel aan alles van God. Net soos wat alles wat pappa en mamma het, aan julle as gesin behoort en jy en jou boeties of sussies dit eendag sal erf of kry wanneer mamma en pappa nie meer daar is nie, net so behoort alles wat aan God behoort ook aan ons. Ons is erfgename van God.
Lees vir die kinders voor uit Rom. 8:15-17

Ons sien uit na die dag wanneer God Sy kinders kom haal. Daardie dag gaan elkeen wat vir God aangeneem het, uitgeroep word as Sy kind om saam met Hom hemel toe te gaan. En al sien ons nog nie vir God nie, beteken dit nie Hy gee nie om nie. Inteendeel, Hy gee baie om. Daarom stuur Hy Sy Heilige Gees om in ons harte te kom lewe en ons elke dag te help om soos kinders van God te lewe.

Het jy al vir God gevra om in jou hartjie te kom bly? Jy word nie net 'n aanneem kind nie, jy word God se eie kind. Alles wat aan God behoort, sal ook aan jou behoort. Maar ons kan nie net vir God aanneem en steeds lewe en maak net soos ons wil nie. Ons moet nou luister na die Heilige Gees wat ons van God leer. Die Heilige Gees praat met ons, soos 'n sagte stemmetjie wat hier in jou hartjie vir jou sê wat reg en wat verkeerd is. En wanneer ons ongehoorsaam is en nie doen wat reg is nie, moet ons dit bely. Dit is om jammer te sê, en dit nie weer te doen nie.

Kom ons bid en vra vir Jesus om in ons hartjies te kom bly. Maar dan moet ons ook lewe soos Hy van ons vra, om lief te wees vir Hom en alle mense.

Gee geleentheid vir oorgawe gebed:
Here Jesus, ek is jammer vir al my sonde. Ek wil graag U kind wees. Dankie dat U vir my lief is en vir my aan die kruis gesterf het. Heilige Gees kom bly in my en help my om te lewe soos God van my vra. Dankie dat ek nou U kind kan wees. Ek is lief vir U.
Amen.

doen & leer tyd

Maak 'n ketting van liefde.

Wanneer ons God aanneem, raak ons deel van Sy familie. Dit is soos om deel te word van die ketting van almal wat vir God lief is.

Maak afskrifte van die volgende blad vir elke kind. Laat die kinders die stroke versier en elkeen los knip. Maak van elke strokie 'n sirkel om 'n skakel in die ketting te vorm deur die begin en eindpunt van elke strook aan mekaar vas te plak. Onthou om die volgende skakel deur die vorige sirkel te ryg.
Herinner die kinders dat ons ook so vasgebied in aan God.

Moedig kinders aan om die ketting erens in die huis of in hulle kamer op te hang en ook vir die gesin te vertel wat hulle vandag geleer het.

Indien daar nog tyd oor is, kan hulle ook 'n prent teken van hulle familie wat lief is vir God.

groet tyd

Dankie Jesus dat U vir my eerste lief is, dankie dat ek ook U kind kan wees.
Amen



Knip die stroke los en maak skakels van ‘n ketting

deur die begin en einde van elke strook, aan mekaar te plak. Onthou om die volgende skakel deur die vorige sirkel te ryg.

Sonder Jesus kan ek nie lewe nie.
God het my lief.
Jesus sterf in my plek aan die kruis.
Ek glo dat Jesus my lief het.
Ek is nou Sy kind.
Ek gaan eendag by God in die hemel wees.
Ek kan God my Pappa noem.

Teken ‘n prent van die familie van God.